

Saterdag 12 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:25-32

Fokusgedeelte: Psalm 119:32 (AFR83/AFR2020)

Die Woord van die HERE is die polsslag van my lewe!

Die vierde hoofdeel van Psalm 119 is die Dalet-gedeelte. Agt verse wat elkeen met die Hebreuse letter “Dalet” begin. Dit hou verband met die woord “delet” wat “deur” beteken. Psalm 119 is soos ’n deur wat oopgemaak word en ’n nuwe wêreld wat oopgaan. Dit bring jou by ’n plek waar jy diep binne-in jou eie siel en jou eie hart kan inkyk. Ons het almal nodig om by daardie plek uit te kom. Ons siel het hierdie verkwikking, hierdie oop deur nodig, omdat dit nog vaskleef aan die stof van hierdie wêreld (vs 25). Die stof wat ’n simbool is van die doodsheid in hierdie wêreld – die doodsreuk wat soos ’n onuithoudbare stank vaskleef aan die korruptheid en die afvalligheid en die selfgesentreerdheid in hierdie wêreld. Dis die soort dinge wat ’n mensse siel laat wegdrup van kommer. En ons weet ’n mislukte lewe is net so ’n groot gevaar as die dood.

Hoe kom ons weer by die plek waar jy deur die waarhede van die Woord verkwik kan word? Jy kom net daar as jy die HERE, kragtens die beloftes van sy Woord, biddend vra om jou daartoe te help. Biddend vra: “Leer my u insettinge” ... en: ... “Laat my die weg van u bevele verstaan.”

Die deur word vir ons toeganklik as die HERE in ons ’n liefde vir sy Woord wek. Die deur is die Lewende Woord: Jesus Christus. Die Weg, die Waarheid en die Lewe. Deur sy kruisdood het hy vir ons die deur oopgemaak. Hy gee aan ons sy Gees. Sy Gees gee weer vir ons nuwe harte wat ons gretig maak om sy gebooie te gehoorsaam. So verryk die HERE ons lewe! Hy verruim jou hart – maak dit groter – en verkwik jou siel. Bid dankbaar: Verruim my insig!

Sing: Psalm 19-1:5, 6

Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)